Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

   VRAAG 2: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

   VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

   VRAAG 5: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

   VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord die DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag moet óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opsteltipe vraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE ANC-JEUGLIGA (ANCJL) DIE OPKOMS VAN SWART NASIONALISME IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Noem TWEE van die persone wat die ANC-Jeugliga gestig het. (2 x 1) (2)

1.1.2 Verduidelik wat die stigters van die ANCJL met die volgende stelling: "VRYHEID IN ONS LEEFTYD", bedoel het. (2 x 2) (4)

1.1.3 Wat, volgens die bron, is oor die jeug se intensies/oogmerke tydens die ANC se konferensie opgemerk? (1 x 2) (2)

1.1.4 Verduidelik hoe nuttig hierdie bron sal wees vir 'n historikus wat die invloed van die ANCJL op die beleid van die ANC bestudeer. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Waarom, dink jy, het die Provinsiale Uitvoerende Komitee van die ANC die woorde, "die uur van die jeug het aangebreek" op sy strooibiljette gebruik? (2 x 2) (4)

1.2.2 Definieer die begrip *Swart Nasionalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2.3 Wat beteken/impliseer die stelling: "Afrika is die land van 'n swartman" oor die filosofie/oortuigings van Anton Lembede? (2 x 2) (4)

1.2.4 Wat, volgens die bron, was die kritiek van die Jeugliga teenoor die ANC? (2 x 1) (2)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Waarom, volgens die bron, het mynwerkers besluit om te staak? (2 x 1) (2)

1.3.2 Waarom was die mynwerkers teen die kampong-stelsel gekant? (2 x 2) (4)

1.3.3 Lewer kommentaar op die stelling van die ou mynwerker: "Ons op die myne is alreeds dooie mans." (1 x 2) (2)

1.3.4 Wat, volgens die bron, was die gevolge van die staking? (1 x 2) (2)

1.3.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die regering op die staking gereageer het. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter boodskap word deur die foto oorgedra, rakende die impak wat Swart nasionalisme op swart Suid-Afrikaners gehad het? (2 x 2) (4)

1.4.2 Noem TWEE eise van die werkers. (Gebruik visuele leidrade op die foto om die vraag te beantwoord.) (2 x 1) (2)

1.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die ANC-Jeugliga die opkoms van swart nasionalisme in die 1940's beïnvloed het. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAAGSE OORLOG VAN 1967 TOT DIE KONFLIK IN DIE MIDDE-OOSTE BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die grootste vonk vir die Sesdaagse Oorlog? (1 x 2) (2)

2.1.2 Noem die supermoondheid wat Egipte ingelig het dat Israel troepe na die noordelike grens van Sirië verskuif. (1 x 1) (1)

2.1.3 Volgens die bron, hoe het Abdel Nasser se ondersteuning vir sy bondgenote direk tot die uitbreek van die Sesdaagse Oorlog gelei. (3 x 1) (3)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik wat gedurende die Menseslagting ('Holocaust') met die Jode gebeur het. (2 x 2) (4)

2.1.5 Lewer kommentaar oor wat die Israeliete bedoel het met die volgende stelling: "Laat ons na die oorlog ontmoet. Waar? In 'n telefoonhokkie." (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Hoe, volgens die bron, het die Sesdaagse Oorlog begin? (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik of jy saamstem dat Israel die aggressor in die Sesdaagse Oorlog was. Staaf jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

2.2.3 Volgens die bron, lys DRIE lande waar lugbasisse geplaas is. (3 x 1) (3)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Noem die vredebehoudende liggaam wat 'n wapenstilstand op 10 Junie 1967 bemiddel het. (1 x 1) (1)

2.3.2 Wie, volgens die bron, het die meeste slagoffers as gevolg van die Sesdaagse Oorlog gehad? (1 x 2) (2)

2.3.3 Hoe het die volgende lande na die Sesdaagse Oorlog gevoel?

(a) Israel (1 x 2) (2)

(b) Arabiese lande (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik wat die Arabiese leiers met die volgende stelling bedoel het: "Geen vrede, geen erkenning en geen onderhandeling" met Israel nie. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskap word deur die spotprent aangaande die Sesdaagse Oorlog oorgedra? (2 x 2) (4)

2.4.2 Noem die land met die dolk in sy hand. (Gebruik 'n visuele leidraad uit die bron.) (1 x 2) (2)

2.4.3 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die redes vir die Israeliese oorwinning gedurende die Sesdaagse Oorlog bestudeer. (2 x 2) (4)

2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Sesdaagse Oorlog van 1967 tot die konflik in die Midde-Ooste bygedra het. (6)

**[50]**

## VRAAG 3: WATTER ROL HET SUID-AFRIKAANSE VROUE GESPEEL OM APARTHEID IN DIE 1950's TEEN TE STAAN?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Lewer kommentaar op wat met die volgende stelling bedoel word: "Dit het baie mans, vroue en kinders, slawe in hul eie land gemaak," in die konteks van die gevolge wat apartheid op die lewens van swart Suid-Afrikaners gehad het. (2 x 2) (4)

3.1.3 Noem die haglike omstandighede waartoe swart Suid-Afrikaners onder die apartheidsregering gedwing is om in te leef. (2 x 1) (2)

3.1.4 Haal 'n sin uit die bron aan wat aandui dat hierdie aaklige toestande nie deur Suid-Afrikaners aanvaar is nie. (1 x 1) (1)

3.1.5 Waarom, dink jy, was die weerstand van wit- en swartmense teen apartheid verskillend? (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Hoe, volgens die bron, het sommige vroue apartheid weerstaan? (1 x 1) (1)

3.2.2 Waarom, dink jy, het swart vroue besluit om bier te brou? (2 x 2) (4)

3.2.3 Waarom, volgens die bron, het Black Sash advieskantore geopen? (2 x 1) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar oor waarom Black Sash nooit deur die apartheidsregering verbied/verban is nie. (1 x 2) (2)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom baie vroue nog nooit vantevore by politieke protesaksies of betogings betrokke was nie. (2 x 2) (4)

3.3.2 Waarom, volgens die bron, het Suid-Afrikaanse vroue so sterk teen die Wet betoog? (1 x 2) (2)

3.3.3 Noem TWEE vroueorganisasies wat baie betogings/demonstrasies buite regeringskantore georganiseer het. (2 x 1) (2)

3.3.4 Lewer kommentaar oor waarom vroue die Uniegebou met 'n gevoel van morele oorwinning verlaat het. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Watter boodskap word in hierdie foto rakende die Vroue-optog van 9 Augustus 1956 uitgebeeld? (2 x 2) (4)

3.4.2 Haal bewyse uit die bron aan wat die implementering van die paswette vir hierdie betogers sal beteken. (2 x 1) (2)

3.5 Vergelyk Bron 3C en Bron 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3D komplimenteer (ondersteun) rakende die redes waarom Suid-Afrikaanse vroue apartheid weerstaan het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ŉ paragraaf van omtrent SES reëls (omtrent 60 woorde) en verduidelik die rol wat Suid-Afrikaanse vroue gespeel het om apartheid in die 1950's te weerstaan. (6)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 4: SWART NASIONALISME

Bespreek krities hoe Swart Nasionalisme in Suid-Afrika van 1902 tot 1953 versterk is.

Motiveer jou antwoord met relevante historiese bewyse vanaf 1902 tot 1953. **[50]**

### VRAAG 5: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

"Dit was Joodse nasionalisme wat uiteindelik tot die totstandkoming van die staat, Israel, gelei het."

Stem jy saam met die stelling? Staaf jou antwoord met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: WEERSTAND IN SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

"Die versetbeweging het in die 1960's aggressiewer en gewelddadiger protesaksies teen die apartheidsregime geloods."

Verduidelik tot watter mate hierdie stelling akkuraat is deur na die verskillende vorme van weerstand in die 1960's te verwys.

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET DIE ANC-JEUGLIGA (ANCJL) DIE OPKOMS VAN SWART NASIONALISME IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik die redes vir die stigting van die ANCJL.

Die generasie wat die ANC-jeugliga (Walter Sisulu, Oliver Tambo, Nelson Mandela, William Nkomo, Mxolisi Majombozi, Anton Lembede, Congress Mbatha) gestig het, het 'VRYHEID IN ONS LEEFTYD' in 1944 verklaar. Die ANC se idee om die ANCJL te vorm het vroeg in 1940 begin, as gevolg van die jongmense se ongeduld met die manier waarop die ANC en die hele Nasionale Vryheidsbeweging gereageer het op apartheid se onderdrukking. Jongmense het toe gesê dat hulle moeg is vir vreedsame (nie-gewelddadige) weerstand en stryd vir bevryding, wat die onderdrukker en die koloniale meesters erken en gerespekteer het.

Mxolisi Majombozi het met die idee vorendag gekom om die ANC meer radikaal (om baie erg te verander) te maak, deur die stigting van die ANC-jeugliga, wat nuwe energie en 'n veggees aan die Nasionale Vryheidsbeweging sou gee. In 1942, het die ANC Konferensie die groeiende militantheid (veglustigheid) onder die jeug opgelet en tot die slotsom gekom dat die Kongres jeugliga gevorm moes word om jongmense te mobiliseer onder die vaandel van die ANC.

Op September 10, 1944, was die ANC-Jeugliga amptelik geloods (bekendgestel) as 'n organisasie in die Bantoe Sosiale Sentrum, Johannesburg en het Anton Lembede as die eerste president gekies. Die ANC-jeugliga was nou in staat om uiteindelik die ANC te beïnvloed om 'n meer radikale en konfronterende politieke program aan te neem wat die ANC fundamenteel (basies) verander het in 'n massa mobiliseringsbeweging en veg teen rassesegregasie (rasseskeiding) en ekonomiese onderhorigheid (verdrukking).

[Uit http://www.ngopulse.org/resources/anc-youth-league-message-centenary-african-national-congress. Toegang op 27 April 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

## BRON 1B

Die bron hieronder beskryf die ANCJL (ANC-jeugliga) se manifeste (oortuigings).

‘Die uur van die jeug het aangebreek!’ So het ’n strooibiljet (bladjie wat op straat versprei word) verklaar (aangekondig), uitgereik deur die Provinsiale Uitvoerende Komitee van die nuutgestigte ANC-jeugliga, wat die organisasie se eerste konferensie (vergadering) geadverteer het wat in September 1944 sou gehou word.

In die 1930’s het die ANC, onder die leierskap van Xuma, herleef, maar sy metodes het versigtig en respekvol teenoor die wit elite (hoë mense) gebly. Elke voorneme van die ANC het begin met verklarings soos, ‘Ons bid dat die Minister … Ons vra nederig …’ Vererg oor die pasifisme (nie-gewelddadigheid), het hierdie groep jong intellektuele geïrriteerd begin word en geëis dat daar beweeg moet word na ’n meer militante styl van politiek. Jordan Ngubane tesame met Lembede en Mda het die Liga se Manifesto opgestel, alhoewel daar gesê was dat Lembede se idees die dokument gedomineer (oorheers) het. Anton Lembede was ook beskryf as die “hoof argitek van SA se eerste volwaardige ideologie van Afrika nasionalisme”. Lembede het ook geglo dat Afrika ’n swartman se land is en dat Afrikaners een is.

Die dokument het aangetoon dat die stigting van die jeugliga gebaseer was op kritiek teen die ANC wat beskou was as elitisties (vir vername mense) en ‘nie ’n effektiewe georganiseerde blok’, ontbrekend aan ’n ‘opbouende program om die afskaffing van alle onderdrukkende wetgewing’ af te dwing. Die Jeugliga het ten doel gehad om met ’n nasionale karakter wat gewortel was in Afrika nasionalisme en Afrika selfbeskikking aan die ANC vorendag te kom.

[Uit http://nhmsa.co.za/news/the-hour-of-youth-has-struck-anton-lembede-and-the-formation-of-the-anc-.youth-league/. Toegang verkry op 27 April 2021.]

**BRON 1C**

Hierdie bron beskryf hoe swart Suid-Afrikaanse werkers beïnvloed was deur die idees van Afrika (Swart) Nasionalisme wat gelei het tot die Mynwerkerstaking op 12 Augustus 1946 aan die Witwatersrand.

Op Sondag, 4 Augustus 1946, het meer as ŉ duisend afgevaardigdes byeengekom by ŉ opelug-konferensie wat gehou was in die Newtown-markplein: geen saal waar Afrikane vergaderings kon hou was groot genoeg om almal wat teenwoordig was te akkommodeer nie. By hierdie vergadering was ŉ besluit geneem om op ŉ algemene staking te gaan, ŉ minimum loon van 10 sjielings (een Rand) te eis, beter toestande in die werk en teenstand teen die aaklige toestande in die mynkampongs (behuising vir swart mynwerkers). Voor die besluit aangeneem was, het spreker na spreker die verhoog bestyg en onmiddellike aksie geëis. Een werker het gesê: “As ek dink aan hoe ons ons huise in die reserwes moes verlaat, ons kinders naak en honger, het ons niks meer te sê nie”. Elke man moet instem om op 12 Augustus te staak. Dit is beter om te sterf as om met leë hande terug te gaan. Die president, J.B. Marks het gewaarsku dat die regime (wit regering) sou probeer om die staking met brutale krag te onderdruk. Maar die vergadering was in ŉ militante gemoed. ŉ Ou myner het uitgeroep: “Ons by die myne is alreeds dooie mans.”

Die hulpbronne van die rassistiese staat (regering) was gebruik om ŉ staking te onderdruk, 9 dood, 1 248 mynwerkers gewond en die regering het die staking as ŉ mislukking beskou. Nietemin, die grondigste (grootste) gevolg van die staking, sou wees die impak wat dit gehad het op die politieke denke binne die vryheidsbeweging, byna onmiddellik het dit verskuif van ŉ beleid van toegewings na meer dinamiese en militante vorme van protes. Die dapper myners van 1946 het geboorte gegee aan die ANC-jeugliga se Program van Aksie, aangeneem in 1949 en voorlopers van die Vryheidstakers van 1 Mei 1950.

[Uit sahistory.org.za/article/1946-african-mineworkers-strike. Toegang op 27 April 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

## BRON 1D

Hierdie foto toon die mynwerkerstaking in 1946 aan die Witwatersrand.




[Uit saha.org.za Toegang op 27 April 2021 verkry.]

**STEMREG VIR ALMAL** **GELYKE LONE VIR ALMAL**

## VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAAGSE OORLOG VAN 1967 TOT DIE KONFLIK IN DIE MIDDE-OOSTE BYGEDRA?

## BRON 2A

Hierdie bron hieronder verduidelik die redes vir die uitbreek van die Sesdaagse Oorlog op 5 Junie 1967.

ŉ Reeks grensgeskille was die grootste vonk vir die Sesdaagse Oorlog. Teen die middel van die 1960's het die Siries-gesteunde Palestynse guerrilla-aanvalle oor die Israeliese grens begin voer en weerwraak aanvalle van die Israeliese weermag uitgelok. In April 1967 het die skermutselings (konflikte) vererger nadat Israel en Sirië in ŉ woeste (gewelddadige) lug- en artillerie (wapen) geveg betrokke was waarin ses Siriese vegvliegtuie vernietig is. In die nasleep van die luggeveg in April het die Sowjetunie Egipte van inligting voorsien dat Israel troepe na die noordelike grense van Sirië beweeg ter voorbereiding van ŉ volskaalse inval. Die inligting was onakkuraat, maar dit het nietemin die Egiptiese president, Gamal Abdel Nasser, tot aksie gebring. In ŉ bewys van steun vir sy Siriese bondgenote het hy die Egiptiese magte beveel om na die Sinai-skiereiland te vorder, waar hulle ŉ vredesmag van die Verenigde Nasies verdryf het wat die grens met Israel al langer as ŉ dekade bewaak het.

Op 22 Mei het Nasser Israeliese skeepvaart vanaf die Straat van Tiran verbied. ŉ Week later het hy ŉ verdedigingsverdrag met koning Hussein van Jordanië gesluit. Terselfdertyd het bloedige dreigemente van die Arabiese radiostasies en op die bladsye van die Israeliese koerante verskyn. Slegs 22 jaar na die einde van die Holocaust was dit nie verbasend dat die Arabiese propaganda tuis geslaan het nie. ŉ Doembelaaide (somber) bui het die land oorweldig. Mense het duistere grappe gemaak: "Kom ons vergader na die oorlog. Waar? In ŉ telefoonhokkie."

[Geneem uit https://link.springer.com> hoofstuk. Toegang op 30 September 2019 verkry.]

**BRON 2B**

Hierdie uittreksel hieronder beskryf hoe die gebeure van 5 Junie 1967 in die Midde-Ooste ontvou het.

Vroeg in Junie 1967 het Israeliese leiers gestem om die Arabiese militêre opbou teen te staan. Die oorlog het op 5 Junie 1967 begin, toe die lugmag van Israel ŉ verwoestende reeks aanvalle op Egiptiese lugvelde geloods het wat die meeste van Egipte se vliegtuie op die grond vernietig het. Tegnies was Israel die aggressor, aangesien Israel die eerste skote afgevuur het. Die Israeliese oorlogsplan was afhanklik van ŉ verrassingsaanval, genaamd Operasie Fokus. Aan die einde van die dag op 5 Junie, het Israeliese vlieëniers volle beheer van die lug oor die Midde-Ooste verkry.

Die oorlog was rampspoedig vir Egipte en vir die Arabiere. Op 6 en 7 Junie het die Israeliete vinnig die hele Sinai oorgeneem soos in 1956. Op 7 Junie het Jordanië die ou stad Jerusalem en die Wesoewer verloor, en op 9 Junie het Sirië die Golanhoogtes verloor. Die gevegte is op 10 Junie geëindig en in ŉ oorwinning vir Israel.

Anders as die Egiptenare en die ander Arabiese leërs, het die Israeliete hul huiswerk gedoen. Hulle het deur die jare honderde verkennings (ondersoek) missies gevlieg om ŉ akkurate beeld van die lugbasis in Egipte, Jordanië en Sirië op te stel. Vlieëniers het ŉ teikenboek gehad met die besonderhede oor hul uitleg en verdediging.

[Uit *Konflik in die Midde-Ooste* deur dr. J. King.]

## BRON 2C

Die bron hieronder verduidelik die gevolge van die Sesdaagse Oorlog van 1967.

Op 10 Junie 1967 het 'n wapenstilstand van die Verenigde Nasies in werking getree en die Sesdaagse oorlog het skielik tot 'n einde gekom. Daar is later geraam dat ongeveer 20 000 Arabiere en 800 Israeli's dood is in net 'n 132 uur geveg. Die leiers van die Arabiese state was geskok gelaat oor die erns van hul nederlaag. Egiptiese President Nasser het selfs in skande bedank, net om onmiddellik weer in die amp terug te keer nadat Egiptiese burgers hul steun met massiewe straatdemonstrasies getoon het.


In Israel was die nasionale stemming jubelend (juigend). Oorwinning in die oorlog het tot 'n oplewing van nasionale trots in Israel gelei, wat in grootte verdriedubbel het, maar dit het ook die vlamme van die Arabies-Israelitiese konflik aangeblaas. Arabiese leiers, wat steeds gewond is deur hul nederlaag in die Sesdaagse Oorlog, het in Augustus 1967 in Khartoem, Soedan vergader en 'n resolusie onderteken wat met Israel "geen vrede, geen erkenning en geen onderhandeling" belowe het. Gelei deur Egipte en Sirië het die Arabiese state later 'n vierde groot konflik met Israel tydens die Yom Kippur-oorlog in 1973 geloods.

[Uit https; // www.history.com/topics/middle-east/six-day-war Toegang op 30 September 2019 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2D**

Hierdie spotprent beeld uit wat tydens die Sesdaagse Oorlog van 1967 tussen Israel en die Arabiese state gebeur het.



[Geneem uit Getty Images. Toegang op 30 September 2019 verkry.]

## VRAAG 3: WATTER ROL HET SUID-AFRIKAANSE VROUE GESPEEL OM APARTHEID IN DIE 1950's TEEN TE STAAN?

### BRON 3A

Hierdie bron verduidelik die invloed wat apartheid gehad het op die lewens van Suid-Afrikaners, wat in 1948 deur die Nasionale Party geïmplementeer is.

Apartheid was 'n onderdrukkende vernietigende stelsel wat baie lewens beïnvloed het, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in baie nabygeleë provinsies en lande. Hierdie invloed het gebeur omdat apartheid moreel verkeerd was. Dit het baie mans, vroue en kinders gedwing om slawe in hul eie land te wees. Hierdie mense kon nie hul eie lewe leef nie. Hulle was gedwing om die wette van die witmense te gehoorsaam wat baie swartmense vreesbevange (bang) gemaak het en duisende doodgemaak het.

Selfs daardie swartmense wat onder apartheid geleef het, het geleef in toestande wat meer aaklig was as enigiets wat enige een kon voorstel. Hulle was geforseer in oorvol stede waar besoedeling en armoede die dood van vele veroorsaak het. Bestem om te werk vir lone wat nouliks een mens aan die lewe kon hou, wat nog te sê 'n hele familie, en was geen geleentheid gegee word om hulself te verbeter deur 'n ordentlike opvoeding nie.

Hierdie verskriklike toestande het uiteindelik gelei tot 'n stryd van weerstand (verset) teen die stelsel deur baie mense in Suid-Afrika. Verbasend was hierdie weerstand grootliks beïnvloed en ondersteun (gehelp) deur 'n groot groep vrouevegters. Selfs meer verbasend is die feit dat hierdie groep vroue nie slegs uit swart vroue bestaan het nie, maar ook uit wit vroue. Tog, selfs al het hierdie wit en swart vroue geveg teen dieselfde stelsel, het hulle verset teen apartheid op vele maniere verskil.

[Uit *Woman's Resistance to Apartheid* deur M. Laber.]

Kopiereg voorbehou 

## BRON 3B

Die bron hieronder verduidelik hoe Suid-Afrikaanse vroue apartheid teengestaan het.

Swart vroue se lewens in Suid-Afrika was ŉ konstante (aanhoudende) stryd, tog het hulle dit reggekry om te oorleef en ook, terselfdertyd, subtiele (slim) maniere gevind om weerstand te bied teen ŉ stelsel wat hulle so intens (baie) gehaat het. Die alombekende metode gebruik deur baie swart vroue, was bierbrouery. Die vroue wat bier verbrou het was ŉ baie slim groep individue (mense) in ŉ klas van hul eie. Dit was teen die wet vir Afrikane (swartmense) om bier te verbrou of selfs te drink. Tog het hierdie vroue dit steeds in hul huise verbrou en dan, deur baie ingewikkelde (slim) metodes, sou hulle dit in hul agterplase begrawe sodat die polisie dit nie kon vind nie. Die polisie het aangehou om genadeloos te stroop (af te neem) en te vernietig. Daar was Saterdae- en Sondae-oggende dat die strate letterlik met bier gevloei het.

Een organisasie wat die wit vroue in hul weerstand teen apartheid gehelp het, was Black Sash. Dit was gestig in 1956 onder die presidentskap van Sheena Duncan en gou het dit ŉ ledetal van 10 000 lede gehad. Dit het die nag begin toe duisende wit vroue met swart serpe om hul skouers gedrapeer ŉ optog gehou het om te protesteer teen die skending van individue se regte deur die regerende Nasionale Party. Black Sash het grootliks geveg teen die hervestiging van swartmense. Die groep het baie 'advieskantore' geopen om mense te help met ŉ verskeidenheid take, soos die soek van paspoorte, uitgekyk vir huise en om hulle te leer hoe om te lees. Die regering het nie hierdie groepe verban nie.

[Uit https://fisherpub.sjfc.edu/ur/vol2/iss1/7 Toegang op 09 November 2020 verkry.]

**BRON 3C**

Hierdie bron fokus op die redes vir die optog wat op 9 Augustus 1956 na die Uniegebou in Pretoria plaasgevind het.

Die Afskaffing van Passe en Koördinering van die Dokumente Wet was in 1952 uitgevaardig. Hierdie wet het die klomp dokumente vervang, wat mans geforseer was om op hulle te dra vir identifikasie, met net een enkele dokument. Dit was ook gemeld (gesê) dat daar ook van Afrikane-vroue in die toekoms vereis sal word om hierdie enkele dokument of pasboek op hulle te dra. Hierdie wet het wydverspreide woede en protes onder swart vroue veroorsaak. In die 1950's, was die anti-pas proteste nie geïnisieer (begin) deur die tradisionele manlike leiers nie, maar deur duisende Afrikaan vroue, deur baie wat nog nooit voorheen in politieke proteste of demonstrasies betrokke was nie. Hulle het so sterk teen die wet geprotesteer omdat hulle geweet het dat as hulle geforseer sou word om hierdie passe te dra, daar 'n styging in die gewenste effek van die invloeibeheerstelsel sal wees en dit moeiliker maak vir hulle om stedelike residensie (reg om te woon) te verkry. Hulle het ook geveg omdat hulle geweet het dat die wet verdere vernietiging van familielewe sou beteken, dat kinders sonder sorg gelaat sou word en ander van hul babas weggeskeur sou word omdat hulle nie 'n pas kon wys nie.


Die ANC se Vroueliga en die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue het hoofsaaklik hierdie veldtogte georganiseer. Die eerste nasionale protes het op 27 Oktober 1955 plaasgevind. Vir hierdie protes het 2 000 vroue van alle rasse 'n optog na die Uniegebou in Pretoria gehou.

Op 9 Augustus 1956 het 20 000 vroue uit alle dele van Suid-Afrika aan 'n tweede optog na die Uniegebou deelgeneem. Toe Lilian Ngoyi geklop het, het 'n stem agter die toe deur aan haar gesê dat 'n brief aan haar gestuur was wat haar sou verhoed het om na die Eerste Minister se kantoor te gaan. Ngoyi het geantwoord: "Die vroue van Afrika is buite. Hulle het hierdie plek gebou. Hul mans het vir dit gesterf." Hulle het hul petisies neergesit en teruggekeer na die protesteerders en in stilte gewag. Uiteindelik het Ngoyi gesê: "Strijdom is te veel van 'n lafaard om ons te woord te staan." Hulle het die demonstrasie afgesluit deur vryheidsliedere te sing en hul slagspreuk uit te roep "nou het jy die vroue aangeraak! Jy het 'n rots geslaan, jy sal vermorsel word!" en in stilte weggeloop, maar met 'n sin van morele oorwinning.

[Uit www.iol.co.za>news>politics>how-lilianngoyi-cha..Aug 9,2017 Toegang op 09 November 2020 verkry.]

## BRON 3D

Hierdie foto toon sommige van die eise van die vroue wat teenwoordig was by die optog van 9 Augustus 1956.




[Uit http://www.ijr.org.za/home/wp-content/uploads/2019/10/pass-laws.pdf. Toegang op 9 November 2020 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is geneem uit:

Getty Images

http://nhmsa.co.za/news/the-hour-of-youth-has-struck-anton-lembede-and-the-formation-of-the-anc-youth-league/

http://www.ijr.org.za/home/wp-content/uploads/2019/10/pass-laws.pdf

http://www.ngopulse.org/resources/anc-youth-league-message-centenary-african-national- congress

https://fisherpub.sjfc.edu/ur/vol2/iss1/7

https://link.springer.com > chapter

https;//www.history.com/topics/middle-east/six-day-war

King, Dr J. *Conflict in the Middle East,* 1993, Wayland Publishers Ltd

Laber, M. 1999, *Women's Resistance to Apartheid*, Fisher Digital Publications

saha.org.za

sahistory.org.za/article/1946-african-mineworkers-strike

www.iol.co.za>news>politics>how-lilianngoyi-cha..Aug 9,2017

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 20 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Kognitiewe vlakke en vermoëns gedek gedurende die assessering van bron gebaseerde vrae:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOE-KENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisering van relevante informasie uit bronne<br>• Definieer historiese data. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Eenvoudige interpretasie van die bronne<br>• Verduidelik inligting ingesamel van die bron<br>• Analiseer bewyse vanuit die bron | **50%<br>(25)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit bronne<br>• Vra vrae oor vooroordeel, betroubaarheid en bruikbaarheid en beperking van bronne<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en persektiewe in die bron en maak ŉ onafhanklike afleidings. | **20%<br>(10)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aandui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ŉ regmerkie (√) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken(√√√√); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte tooegeken word (√√)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (√√√√) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (•) by elke punt binne in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te skryf, te evalueer.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en lewer kommentaar, bv.

____________ • ____________________________ • ___________________

___________________ • ____________________________ • ____________

√√√√

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn.

  32/50

- Maak seker dat die punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaar voeg sodat dit vir hulle mooontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- Wanneer oop, brongebaseerde vrae geassesseer word, moet leerders gekrediteer word vir enige ander relevante antwoord.

2.3 **Globale assessering van ʼn opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ʼn geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ʼn individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ʼn argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ʼn beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model' antwoorde voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die konstruksie/daarstelling van ʼn argument (beplande, gestruktureerde en het ʼn onafhanklike lyn van argument)

2.4 **Assessering prosedures van ʼn opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer jy die opstel assesseer.

2.4.2 Gedurende die eerste lees van die opstel moet punte gegee word vir ʼn relevante inleiding, (aangedui deur ʼn kolpunt in die nasienriglyn) elk van die hoof punte/aspekte wat korrek gekontekstualiseer is (ook aangedui deur ʼn kolpunt in die nasienriglyne) en ʼn relevante slot, (aangedui deur ʼn bullet in die nasienriglyne). bv in ʼn antwoord waar daar 5 hoofpunte is sal daar 7 punte wees.

Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte wanneer ʼn opstel geassesseer word.

2.4.3

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ʼn argument/ʼn duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet ʼn punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om met die argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoof aspekte en slot nie korrek Gekontekstualiseer ^
- Verkeerde stelling ______
- Irrelevante stelling |
- • Herhaling H
- Analise A √
- Interpretasie I √I
- Lyn van argument **LVA**

2. **Die matriks**

2.5.1 Gebruik die matriks vir die assessering van opstelle

In die assessering van ŉ opstel moet die gegewe kriteria in die rubriek gebruik word. In die assessering van die opstel moet aandag gegee word aan beide die inhoud en die aanbieding. By die punt van kruising tussen die inhoud en die aanbieding, gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet ŉ punt gegee word.

(a) Die eerste lesing van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek is en om die **inhoudsvlak** te bepaal (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| **I** | **VLAK 4** | |
| | | |

(b) Die tweede lesing van die opstel sal verband hou met die vlak van **aanbieding** (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| **I** | **VLAK 4** | |
| **A** | **VLAK 5** | |

(c) Gee ŉ algehele punt deur die matriks te gebruik

| | | |
|---|---|---|
| **I** | **VLAK 4** | } **30–33** |
| **A** | **VLAK 5** | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
  Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE ANC-JEUGLIGA (ANCJL) DIE OPKOMS VAN SWART NASIONALISME IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Walter Sisulu
- Oliver Tambo
- Nelson Mandela
- William Nkomo
- Mxolisi Majombozi
- Anton Lembede
- Congress Mbatha (Enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle het hul lewens aan die saak vir vryheid gewy
- Hulle was bereid om hul lewens op te offer sodat alle Suid-Afrikaners vryheid kan verkry
- Hulle was toegewyd om vryheid te kry of te sterf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Groeiende militandheid (veglustigheid) onder die jeug (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1A – V3]*
**Die bron is NUTTIG omdat:**
- Die ANC het van 'n konserwatiewe na 'n meer progressiewe organisasie verander
- Die ANC het meer militant in sy strategieë teen apartheid geword
- Dit het 'n massa-gebaseerde organisasie geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die jeug moet 'n meer prominente rol in die stryd teen apartheid speel
- Moedig die jeug aan om by die ANCJL aan te sluit
- Dit gee 'n meer militante toon oor hoe die ANCJL beplan om te funksioneer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1B – V1]*
- 'n Ideologie wat swartmense verenig in hul stryd teen koloniale en rassistiese onderdrukking in Afrika om vryheid en onafhanklikheid te verkry
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Hy was 'n Afrikanis
- Geglo dat swartes moet veg teen hul onderdrukking, sonder die hulp van blankes
- Geglo dat selfbeskikking deur swartes self verkry moet word
- Die witmense in Afrika is van Europese oorsprong en was die koloniste/onderdrukkers
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- ANC is as elitisties gesien
- Nie 'n doeltreffend georganiseerde blok nie
- Gebrek aan 'n konstruktiewe program om die herroeping van alle onderdrukkende wetgewing af te dwing (Enige 2 x 1) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Hoër lone geëis
- Beter werkstoestande
- Teen die afgryslike toestande in die kampongs (Enige 2 x 1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Dit het hul vryheid van beweging beperk
- Dit het verhoed dat hulle kontak met hul vakbonde gehad het
- Die kampongs was soos tronke, aangesien dit altyd bewaak was en op hulle gespioeneer is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Baie mynwerkers is deur rotsstortings in die myne doodgemaak
- Die stof in die myne het longsiektes veroorsaak wat die dood van baie veroorsaak het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Dit het die politieke denke binne die bevrydingsbeweging beïnvloed
- Dit het beweeg van 'n beleid van toegewings na 'n meer dinamiese en militante vorm van stryd (Enige 1 x 2) (2)

1.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Wettelose polisie en die leër het die staking verpletter
- 9 mynwerkers is dood en 1 248 is gewond
- Mynwerkers is geslaan
- Daar is op huise van vakbondlede en politieke beamptes toegeslaan
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Toon dat werkers verenig is teen onregverdige apartheidswette
- Mynwerkers is verenig teen die lae lone wat hulle ontvang
- Werkers begin met meer militante optrede
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Stemreg
- Gelyke lone (2 x 1) (2)

1.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Jongmense het ongeduldig geraak oor hoe die Nasionale Bevrydingsbeweging op apartheid gereageer het (Bron 1A)
- ANCJL het nuwe energie en veggees aan die National Liberation Movement gegee (Bron 1A)
- ANCJL meer militant (Bron 1A en Bron 1B)
- ANC omskep in ŉ massamobilisasiebeweging (Bron 1B)
- ANCJL het die ouer lede van die ANC gekritiseer (Bron 1B)
- Beklemtoon selfbeskikking van swartmense (Bron 1B)
- Lembede het geglo in eksklusiewe nasionalisme (Bron 1B)
- Gelei tot 1946-mynwerkersstaking (Bron 1C en Bron 1D)
- Gebruik stakings, boikotte, wegbly en siviele ongehoorsaamheidstaktieke teen apartheid (eie kennis)
- Program van Aksie wat in 1949 teen apartheid van stapel gestuur is
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die ANC-jeugliga die opkoms van swart nasionalisme in die 1940's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die ANC-jeugliga die opkoms van swart nasionalisme in die 1940's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **Punte: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die ANC-jeugliga die opkoms van swart nasionalisme in die 1940's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 5–6** |

(6)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAAGSE OORLOG VAN 1967 TOT DIE KONFLIK IN DIE MIDDE-OOSTE BYGEDRA?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Grensgeskille (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Sowjetunie (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Hy het Egiptiese magte beveel om na die Sinai-skiereiland te vorder
- Hy het 'n vredesmag van die Verenigde Nasies wat die grens met Israel bewaak het, verdryf
- Hy het Israeliese skeepvaart vanaf die Straat van Tiran verbied
- Hy het 'n verdedigingsverdrag met koning Hussein van Jordanië gesluit (Enige 3 x 1) (3)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Miljoene Jode was in Duitsland vermoor
- Jode was oor die hele wêreld verspreid/diaspora
- Jode was vervolg in sekere dele van Europa
- Jode het in agterbuurtes gewoon
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Dat Israel die oorlog sal verloor
- Baie van die Israeli's sou doodgemaak word
- Israel is 'n klein land wat deur die Arabiese lande verslaan sou word
- In die lig van hoeveel Israeliete daar sal oorbly
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Toe die lugmag van Israel 'n verwoestende reeks aanvalle op Egiptiese lugvelde van stapel gestuur het (1 x 2) (2)

2.2.2. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
**STEM SAAM**
- Israel het die eerste skote afgevuur
- Israel kry militêre hulp van Amerika en kon die aanval op die Arabiese lande loods
- Hulle het die lugbasisse van die Arabiese lande aangeval
- Enige ander relevante antwoord

**VERSKIL / STEM NIE SAAM**
- Israel het geveg om sy onafhanklikheid te behou
- Het gevrees vir 'n herhaling van die Holocaust
- Jode sal sonder 'n vaderland gelaat word as hulle deur die Arabiere verslaan word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B - V1]*
- Egipte
- Jordanië
- Sirië (3 x 1) (3)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Verenigde Nasies (1 x 1) (1)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Arabiere (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
(a) Jubelend/Juigend
- Oorwinnaar
- Gevul met nasionale trots
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b) Geskok
- Verslaan
- Skaam / Skande
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*
**Hulle impliseer dat:**
- Die oorlog teen Israeliërs sal voortduur
- Hulle sal nie die onafhanklikheid van Israel erken nie
- Hulle wou hul verowerde gebiede terug hê
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Dat Israel onverwags aangeval het
- Israel het die Egipte / Arabiese leërs verslaan
- Die Egiptiese leër was nie voorbereid op die aanval nie / onkant gevang
- Enige ander relevante antwoord (Eige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Israel (1 x 2) (2)

2.4.3 *[Evalueer die betroubaarheid van die bewyse uit Bron 2C – V3]*
**Die bron is betroubaar omdat:**
- Toon aan dat Israel die oorhand in die oorlog (groot hand) gehad het.
- Israel het onverwags aangeval
- Israel het die aanval beplan en was militêr meer georganiseerd
- Meer Arabiere as Israeliete is tydens die oorlog dood
- Die inligting in die strokieprent kan met die inligting in Bron 2B en Bron 2C geverifieer word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Grensgeskille het die Sesdaagse Oorlog begin (Bron 2A)
- Abdel Nasser stuur troepe om Sirië te ondersteun (Bron 2A)
- Nasser het die vredesmag van die Verenigde Nasies uitgesit en die Straat van Tiran vir Israeliese skeepvaart gesluit (Bron 2A)
- Op 5 Junie 1967 het Israel Operasie Fokus van stapel gestuur (eie kennis)
- Israel het ŉ verrassingsaanval op Egipte geloods en die lugveld op die grond vernietig (Bron 2B en Bron 2D)
- Arabiese lande het gebiede aan Israel verloor (Bron 2C)
- Selfbeeld en nasionalisme van die Arabiere vernietig (eie kennis)
- Israel het minder ongevalle in die Sesdaagse Oorlog gehad (Bron 2C)
- Arabiese lande belowe geen vrede, geen erkenning en geen onderhandeling met Israel nie (Bron 2C)
- Het tot die uitbreek van die Yom Kippur-oorlog in 1973 gelei (Bron 2C)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om hierdie paragraaf te assesseer.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Sesdaagse Oorlog van 1967 tot die konflik in die Midde-Ooste bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Sesdaagse Oorlog van 1967 tot die konflik in die Midde-Ooste bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die Sesdaagse Oorlog van 1967 tot die konflik in die Midde-Ooste bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**

## VRAAG 3: WATTER ROL HET SUID-AFRIKAANSE VROUE GESPEEL OM APARTHEID TEEN TE STAAN IN DIE 1950's?

3.1 3.1.1 *[Verduideliking van historiese konsepte uit Bron 3A – V1]*
- Die politieke, ekonomiese en sosiale skeiding van rasse op grond van hul velkleur
- Afsonderlike ontwikkeling van verskillende rassegroepe
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Hulle het geen vryheid gehad nie
- Hulle is onderdruk en teen gediskrimineer
- Hulle het geen politieke, ekonomiese en sosiale regte gehad nie
- Het nie dieselfde voorregte as wit Suid-Afrikaners geniet nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Gedwing om na oorvol stede te trek waarvan die besoedeling en armoede hul dood veroorsaak het
- Baie het gewerk vir lone wat skaars een individu aan die lewe kon hou
- Geen geleentheid gebied om hulself deur ordentlike opvoeding te verbeter (Enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Dit het gelei tot ŉ stryd van weerstand teen die stelsel. (1 x 1) (1)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Blanke vroue het nie die vernedering onder apartheidswette verduur nie
- Die meeste wit vroue het beter opvoedkundige geleenthede gehad as swart vroue
- Hul leefwyse het verskil van dié van swart vroue
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Bierbrouery (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Dit het hulle in staat gestel om by hul kinders tuis te bly
- Voorsien ŉ ekstra inkomste
- Kan hul kinders van opvoeding voorsien
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
**Mense gehelp met 'n verskeidenheid take soos:**
- Op soek na pasboeke
- Op soek na huise
- Leer hoe om te lees (Enige 2 x 1) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die regering het nie geglo dat vroue effektief kan wees nie
- Hulle is vermy en verstoot deur hul eie gemeenskappe
- Hulle is as opruiend en aggressief beskou en het nie as 'n organisasie gegroei nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Vroue wat by die ANC aangesluit het, het grootliks in die rolle van gasvryheid gedien
- Daar is van hulle verwag om hul kinders tuis groot te maak
- Hulle moes sorg vir die huishoudelike verantwoordelikhede
- Deelname aan die publieke domein was vir mans gereserveer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Die effektiwiteit van die instromingsbeheerstelsel sou versterk word
- Dit maak dit moeiliker vir hulle om stedelike verblyfreg te verkry (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- ANC-vroueliga
- Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (2 x 1) (2)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Dit het aan die apartheidsregering bewys dat vrouens nie die diskriminasie en onderdrukking meer sou aanvaar nie
- Hulle stemme is gehoor dat hulle die paswette teenstaan
- Hulle het vir baie mense hoop gegee dat apartheid geklop kon word
- Is die grootste betoging wat deur vroue gereël is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Dit wys hoe vroue teen die apartheidsregering betoog
- Dit weerspieël die uitwerking wat die paswette op hul lewens sal hê
- Wys dat vroue sterk, kragtig en veerkragtig is
- Dui aan dat vroue 'n meer aktiewe rol in die politiek sal begin speel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Probleme
- Aanval op hul huise
- Beteken gebroke huise (Enige 2 x 1) (2)

3.5 *[Vergelyking van Bronne 3C en Bron 3D – V3]*
- Bron 3C dui aan dat 'n optog na die Uniegebou beplan is en Bron 3D toon dat die optog op 9 Augustus 1956 plaasgevind het
- Bron 3C dui aan waarom hulle besluit het om teen die paswette te veg; omdat dit hul gesinslewe sal vernietig en Bron 3D toon die uitwerking wat die paswette op hul huise sal hê
- Beide bronne dui aan dat vroue teen die paswette betoog het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Vroue het in opstand gekom teen die haglike toestande wat deur apartheid veroorsaak is (Bron 3A)
- Vroue het bier gebrou (Bron 3B)
- Dit was in stryd met die wet dat Afrikane bier moes brou of drink (Bron 3B)
- Vroue het die ekstra inkomste gebruik om hul kinders 'n beter opvoeding te gee (eie kennis)
- Black Sash het opgeruk teen die skending van individuele regte wat deur die Nasionale Party geïmplementeer is (Bron 3B)
- Black Sash het swartmense op verskillende maniere gehelp (Bron 3B)
- Wet op die afskaffing van Passe en Koördinasie het woede en protes onder swart vroue veroorsaak (Bron 3C)
- Vroue-organisasies het veldtogte gereël (Bron 3C)
- Vroue het lede van die ANC geword (eie kennis)
- Vroue het 'n aktiewe rol in die opstel van die Vryheidhandves gespeel (eie kennis)
- Op 9 Augustus 1956 het 20 000 vroue na die Uniegebou opgeruk om teen die paswette te betoog (Bron 3C en Bron 3D)
- Vroue het geprotesteer teen die impak wat die paswette op hul lewens sal hê (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om hierdie paragraaf te assesseer.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor die rol wat Suid-Afrikaanse vroue gespeel het om apartheid in die 1950's te weerstaan.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor die rol wat Suid-Afrikaanse vroue gespeel het om apartheid in die 1950's te weerstaan.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer ŉ deeglike begrip oor die rol wat Suid-Afrikaanse vroue gespeel het om apartheid te in die 1950's weerstaan.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 5–6** |

(6)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: SWART NASIONALISME

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet krities bespreek of Swart Nasionalisme in Suid-Afrika vanaf 1902 tot 1953 versterk is.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en demonstreer hoe Swart Nasionalisme in Suid-Afrika versterk is.

**UITBREIDING**
- Begin as 'n vorm van weerstand teen kolonialisme/segregasie
- Vorming van die APO in 1902 deur dr. Abdurahman
- Protesteer teen die uitsluiting van swartes vir die reg om te stem
- Delegasie na Londen in 1905 om 'n nie-rassige konsessie te bewerkstellig en diskriminasie te beëindig asook om swartes stemreg te gee – Brittanje ignoreer hierdie versoek
- Vorming van die SANNC in 1912 om diskriminasie te weerstaan en politieke regte te wen
- Die SANNC wou almal verenig wat deur blankes onderdruk was
- Die SANNC het afgevaardigdes na Londen in 1914 gestuur om teen die Naturelle Grondwet te appelleer, maar was nie suksesvol nie
- In 1923 het die SANNC sy naam na die ANC verander
- Vorming van die ICU in 1919 wat die griewe van die swart dokwerkers aanspreek – veg teen die regering se beleid
- Die ICU het massa-ondersteuning gehad – ANC het die ondersteuning van die elite-swartes gehad
- Vorming van die SAKP wat swart werkers se griewe aanspreek
- Verspreiding van onderwys lei tot die groei en bewustheid van idees van vryheid en demokrasie
- Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog – baie swartes wat betrokke was het vir vryheid en demokrasie geveg/Afrikaners het gehelp om die einde van diskriminasie na die oorlog te sien.
- *Atlantic Charter* – het selfbeskikking ondersteun.
- **African Claims** – dokument wat eis vir 'n universele stemming, regverdige verdeling van grond en 'n einde aan diskriminasie in die werkplek
- Jong lede van die ANC word meer militant en vorm die ANC-jeugliga
- ANC-jeugliga het die ANC daarvan beskuldig dat hy die elite verteenwoordig het en nie die massas nie
- 1953 het die ANC die Vryheidshandves saamgestel vir 'n demokratiese Suid-Afrika ongeag ras
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

### SINOPSIS
Kandidate moet standpunt inneem of dit Joodse nasionalisme is wat uiteindelik tot die stigting van die staat Israel gelei het.

### HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.
Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie en hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

### UITBREIDING
- Die oorsprong van Arabiese en Joodse nasionalisme (agtergrond)

### ARABIESE NASIONALISME
- Arabiese leiers het 'n beroep gedoen op die idee van 'n gemeenskaplike Arabiese taal en kultuur as 'n manier om verenigde weerstand teen die Turkse regering te mobiliseer
- Daar was kommer onder Arabiese gemeenskappe dat die Sionistiese setlaars hulle wou vestig in Arabiese lande met die uitsluiting van die Arabiere
- Brittanje en Frankryk het belangstelling getoon in die Midde-Ooste en het met mekaar meegeding oor invloed
- Dit het aanleiding gegee tot die Eerste Arabiese Nasionale Kongres en die publikasie van die Arabiese Nasionalistiese Manifesto
- Uit hierdie kongres het 'n los Arabiese nasionalistiese beweging ontstaan wat 'n enkele verenigde Arabiese nasie wou skep wat onafhanklik van die Turkse regering was
- Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het Brittanje die Arabiese nasionaliste aangemoedig om teen hul Turkse heersers te rebelleer
- In ruil daarvoor was die Britte bereid om die onafhanklikheid van die Arabiere te erken en te ondersteun
- Teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog het die Arabiese leërs byna alle Arabiese lande van die Turkse regering bevry
- Die Arabiere het verwag dat Brittanje sy belofte om Arabiese onafhanklikheid te steun, sou nakom, maar het ander planne gehad en het nie hul belofte gestand gedoen nie
- Arabiese nasionalisme het 'n sterk anti-Westerse houding begin aanneem en gefokus op die ontdoening van Westerse beheer in die Midde-Ooste
- In die Midde-Ooste was daar wye teenstand teen die Britse en Franse bewind
- Toenemende Joodse immigrasie in Palestina het daartoe gelei dat die Arabiese nasionalisme 'n sterk antisionistiese en anti-Joodse karakter aangeneem het

### JOODSE NASIONALISME
- In baie Europese lande het sterk rasse-, godsdienstige en nasionalistiese gevoel, versterk deur idees van 'wetenskaplike' rassisme, gelei tot verhoogde antisemitisme
- In 1897, beïnvloed deur hierdie neigings, het 'n groep Joodse leiers in Wes-Europa byeengekom tydens die eerste Sionistiese Kongres in Basel, Switserland
- Die leier van die Sionistiese beweging was Theodore Herzl
- Die doel van Sionisme is om 'n toevlug vir die Joodse volk in die land Israel te skep Die Sioniste het geglo dat Jode 'n 'toevlug' nodig het vir eeue se vervolging, en dat dit slegs bereik kon word as daar 'n 'nasionale tuisland' vir die Joodse volk was

- Die beweging het homself na Sion vernoem, die Hebreeuse naam vir Jerusalem, en verwys na die Bybelse bewering dat die land Israel deur die God van Israel aan die Joodse volk gegee is.
- Daar was twee hoofelemente in die Sionistiese strategie:
  - Een daarvan was om die Joodse immigrasie na Palestina aan te moedig
  - Die ander was om te werk vir erkenning vir ŉ nasionale tuiste vir die Jode onder Wes-Europese regerings

**DIE BALFOUR VERKLARING**

- In 1917 skryf die Britse Minister van Buitelandse Sake, James Balfour, aan Lord Rothschild, ŉ leier van die Britse Joodse gemeenskap, en belowe om Jode te help om ŉ Joodse staat in Palestina te stig.
- Hierdie brief het as die Balfour-verklaring bekend geword
- Die Balfour-verklaring het gebots met die belofte van Brittanje aan Arabiere dat Brittanje die Arabiese onafhanklikheid in die Midde-Ooste sou steun
- Die Sioniste het die verklaring gesien as ŉ duidelike erkenning van Joodse aansprake
- Na die Eerste Wêreldoorlog, het Brittanje se mandaat oor Palestina egter gesê dat Brittanje die bepalings van die Balfour-verklaring moet implementeer
- Die Sioniste interpreteer die mandaat van die Volkebond as ŉ teken dat die internasionale gemeenskap die skepping van ŉ nasionale tuiste vir Jode in Palestina ondersteun
- Die Palestynse Arabiere het die Balfour-verklaring en die mandaat verwerp

**Stigting van die staat Israel**

- Brittanje het Joodse immigrasie aangemoedig
- Palestynse Arabiere eis dat die Joodse immigrasie beëindig word
- Palestynse Arabiere het anti-Britse betogings gereël, wat gelei het tot gewelddadige botsings tussen Arabiese en gewapende Joodse groepe en die polisie
- Brittanje het die Arabiese betogings onderdruk
- Die Jode beskou hierdie aanvalle as ŉ teken van Arabiese antisemitisme, en vorm ŉ gewapende 'selfverdediging'-milisie genaamd die Haganah
- In 1936 tydens ŉ ander Palestynse opstand word Britse en Joodse teikens aangeval
- In 1937 het Brittanje voorgestel dat Palestina verdeel sou word in ŉ Joodse staat en ŉ Arabiese staat
- Jode het dit in beginsel gesteun, maar Arabiese Palestyne was teen verdeling gekant
- Na die Tweede Wêreldoorlog het ŉ Joodse gewapende groep genaamd die Irgun die militêre hoofkwartier in Jerusalem opgeblaas en meer as 100 mense doodgemaak
- Brittanje het die probleem aan die Verenigde Nasies (VN) oorhandig
- Die VN het ŉ plan vir die verdeling van Palestina op grond van Britse voorstelle opgestel
- Meer as die helfte van Palestina is aan die Joodse staat toegewys
- Palestyne en hul Arabiese bondgenote het die VN-verdelingsplan verwerp
- ŉ Burgeroorlog het uitgebreek en Brittanje het sy troepe uit Palestina onttrek
- Op 14 Mei 1948 het David Ben-Gurion, die Joodse leier in Palestina, die staat Israel verklaar
- Op 15 Mei 1948 breek die Eerste Arabiese-Israeliese oorlog uit
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik in watter mate die versetbewegings in die 1960's 'n aggressiewer en gewelddadiger protesaksie teen die apartheidsregime geloods het.

**HOOFASPEKTE**
Inleiding: Kandidate moet hul standpunt inneem en aandui tot watter mate die stelling is akkuraat is en hul antwoord met relevante historiese bewyse ondersteun.

**UITBREIDING**
- Skeuring in die ANC
- Vorming van die PAC
- Maart 1960 – ANC en PAC het 'n anti-pas veldtog gereël
- Beplan om passe te verbrand en gearresteer te word
- Betoog in baie dorpe
- 21 Maart 1960 – 69 betogers is by Sharpeville geskiet
- Die regering het 'n noodtoestand ingestel
- ANC en PAC was verban
- Duisende was aangehou
- ANC- en PAC-lede het in ballingskap gegaan
- Gewapende stryd was aangeneem
- Die ANC het MK gevorm
- Die PAC het POQO gevorm
- Die regering het strenger wette ingestel om onderdrukking te verpletter
- Die polisie het op die MK-hoofkwartier in Rivonia toegeslaan
- Die Rivonia-hofsaak van MK-leiers (bv. Mandela)
- Tot lewenslange tronkstraf gevonnis
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou